SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: LANDBOUWEEKBLAD
Date: 19-Mar-2004
Topic: 19
Ref No: 1798
1
ID: 03065214-01
Source Page: 67

# Plan moet gou in werking kom

Die nuwe strategiese plan vir die Suid-Afrikaanse graanbedryf het drie mikpunte: Groter verteenwoordigende deelname, groter mededingendheid en winsgewendheid, en groter voedselsekerheid.

Prof. Johann Kirsten, hoof van landbou-ekonomie aan die Universiteit van Pretoria, het die plan op die kongres bekend gestel. Dit is die eerste bedryfsplan wat uit die vroeëre oorhoofse strategiese plan vir die hele landbousektor voortspruit.

Kirsten het gesê die eerste doelwit van die graanplan is om groter deelname aan die bedryf te bewerkstellig. Dit moet nie net op produsente-vlak geskied nie, maar ook op sekondêre en tersiêre vlak.

Een van die bedryf se grootste probleme is dat hy nie verteenwoordigend van die hele Suid-Afrikaanse bevolking is nie, het Kirsten gesê. Daarom is die eerste aksieplan op grondhervorming en swart ekonomiese bemagtiging gerig. Welslae kan egter nie bereik word as die bedryf in sy geheel nie mededingend en winsgewend is nie.

Die tweede aksieplan het ten doel om alternatiewe gebruike vir grane te vind, soos biodiesel, sodat boere hul beperkte mark kan vergroot. Ander doelwitte in die tweede plan handel oor beter internasionale marktoegang en tydige inligting aan boere – beter oesskattings ingesluit.

Die plan stel ook 'n doeltreffender voorligtingdiens in die vooruitsig.

Hy het 'n beroep op Graan SA gedoen om nie vir die Regering of ander belanghebbendes te wag nie. Graan SA moet dadelik aan die inwerkingstelling van die plan begin werk.